

GRAANGIDS

JOU KONTAKTE IN LANDBOU



Diere



Saad

Werktuie



Bemesting

Geldsake en finansiële dienste



Geïntegreerde plaagbeheer




2015 GRAAN
SA GRAIN

AGRICO Spilpunte & Lineêre Besproeiers



AGRICO bied 'n naantlose spilpunt diens aan. Opmeet, ontwerp, vervaardiging, aflewering, opdragting en navoorskoop diens.



"Enkelsaver" beperk kabel diameter deurdat die kabel binne in die pyp loop, waar dit nie maklik bygekom kan word nie.



AGRICO spilpunte word in-huis-gegalvaniseer; minimum 100 mikron dik (1.8 keer die ISO 146 standaard). Dit beteken minstens 80% langer lewensverwagting.



"Autoflush" spoel die spilpunt elke keer wanneer die pomp aankom vir 30 sekondes.



"Windsaver" lang se-afstand reëls is vir 4 jaar gewaarborg teen omwal. AGRICO herstel dit gratis binne die periode.



NAVRAE: Alfred Andrag ☎ 082 824 1214 📠 021 950 4270 📞 919 8641 ✉ alfred.andrag@agrigo.co.za

VERKOPE EN DIENS MET TAKKE OOR DIE LAND:

- Bellville • Bethlehem • Bloemfontein • Bothaville • Caledon • Ceres • Cradock • Estcourt • George • Hartswater • Humansdorp • Kakamas • Kimberley • Kroonstad • Lichtenburg • Malmesbury • Moorreesburg • Nelspruit • Nigel • Nylstroom • Pietermaritzburg • Piketberg • Rawsonville • Tzaneen • Upington • Ventersdorp • Vredendal

AGRICO

*Meer as 100 jaar van diens!
More than 100 years' service!*



INHOUDSOPGAWE

Voorwoord: Louw Steytler	3
Graan SA se fokus is om 'n seker toekoms vir landbou te help skep	4
Nuttige kontakbesonderhede	6
Omrekeningstabelle en -formules	10
Reënvalkalender 2015	12
Wenke vir die bestryding en bestuur van veldbrande	14
Werknemer onder die invloed – wat nou?	16
Die bestuur van nuutaangestelde werknemers en afwesigheid van werk	17

SAAD

Skat só jou eie oesopbrengs	19
Saadbehandeling: Let hierop!	30
Moenie wag met saadkwaliteitsprobleme nie	30

WERKTUIE

Hou noukeurig rekord van dieselverbruik	35
Presisieboerderyspesialiste op die punte van jou vingers	35
Innoverende program vir bewaringslandbou	37
Swak naverkoopdiens só vasgevat	41
Trekkeroperator-opleiding 'n móét	41
Dieselkwaliteit verdag? Laat toets dit!	41
Besproeiing – hou dié stappe in gedagte	47
Versekeringsopsies vir trekker- en stroperbande	55

BEMESTING

Agrochemiese middels: Om te meng of nie te meng nie	61
Stappe om swak kunsmiskwaliteit te rapporteer	63
Identifiseer makro-voedingselementtekorte by mielies ó	64
Landboukalk- en gipsbronne in Suid-Afrika	68
<i>Analysis laboratories in South Africa</i> /Ontledingslaboratoriums in Suid-Afrika	71
Kalibrasie van planters vir saad en kunsmis	75
Hoeveel mikro- en makro-elemente benodig plante?	78





GEÏNTEGREERDE PLAAGBEHEER

Is onkruid- en plaagbeheer 'n kopseer vir jou?	81
Só hanteer jy kwaliteitsprobleme met landbouchemikalieë	81
Wenke vir die aankoop en gebruik van insetmiddele	81
Bestuur nagmuise só	84
Pla rooibekvinke (kweleas), sprinkane en kommandowurms? Hier is raad.	85
Riglyne vir die verantwoordelike gebruik van plaagdoders	89
Kalibreer vinnig vir spuit	92
Publikasies van die Landbounavorsingsraad (LNR)	97

DIERE

Algemene bestuur van beeste	101
Voergewasse vir lewende hawe	104

GELDSAKE EN FINANSIËLE DIENSTE

Belangrike datums op die graanbemarkingskalender	109
Spreek probleme tydens graanlewering gou aan	109
Safex Commodity Members	110
Gradeer jou graanprodukte in 'n kits!	112
Safex-graaddifferensiale vir 2014/2015	116
Skakels vir webtuistes en sosiale media-platforms	117

GRAAN SA

Graan SA visie, missie en Dagbestuur	119
Graan SA se Hoofbestuur per streek	119
Voorsitters van spesialiswerkgroepe en komitees	123
Só verteenwoordig Graan SA sy lede op 'n wyer front	124
Lidmaatskap by Graan SA beteken volkome gemoedsrus	126
Graan SA-personeel – gereed om graanprodusente van hulp te wees	128
Farmer Development Programme for a prosperous and united sector	130
Schools Programme focuses on agriculture's value	130
Graan SA se glansblad 'n móet vir graanprodusente	131
Kalender 2015 & 2016	132



Regverdigheid en samewerking is die sleutel tot sukses



Graan SA en sy strukture gee aan die wyer boerderygemeenskap, en in besonder die graanprodusente en hul werkers, die onderneming om deel te neem aan toekomstige gesprekke in die belang

van alle plattelandse gemeenskappe.

Die stem van ons gewete, beide konstitusioneel en ekonomies, moet as enigste vertrekpunt vir die debat gevestig word. Die vrye mark en die konstitusionele reg van die individu moet beskerm word om 'n omgewing te verseker waarin lewensvatbare, winsgewende graanproduksie kan plaasvind. Sodoende is ons verseker dat Suid-Afrika en al sy mense die voorreg van voedselsekerheid kan geniet.

Binne die raamwerk van beide konstitusionele en ekonomiese realiteit is dit Graan SA se wens om alternatiewe oplossings vir grondhervorming te vind. Voorts moet ons alternatiewe oplossings vind vir die populistiese benadering van sekere belangegroepes in Suid-Afrika wat verandering aan die grondwet en markgedrewe grondhervorming voorstel.

Die realiteit is dat korrupsie en ons onvermoë om saam te werk, die hoofredes is vir ontoereikende sukses in grondhervorming. Nie die huidige grondeienaars, óf die grondwet, óf die gewillige koper/verkoper-beginsel was ooit te blameer vir die huidige impasse nie. Die nodige sukses sal slegs behaal word indien Graan SA se benadering tot ongekende samewerking gevolg word.

As die uitdaging hierbo nie aangeneem en suksesvol bereik word nie, sal werksekerheid

en die vermyding van die daaglikse sleur van armoede nie suksesvol aangespreek word nie. Daarbenewens sal die primêre aktiwiteit, naamlik landbou, ondermyn word. Dit sal katastrofiese sosio-ekonomiese gevolge soos werkverlies tot gevolg hê en die uiteindelijke vernietiging van rykdom beteken, wat Suid-Afrika nie kan bekostig nie.

Deur die diens wat Graan SA aan graanprodusente verleen – beide kommersieel en wat nuwe toetreders tot graanproduksie betref – behoort ons die nodige suksesse te kan behaal. Die strukture en in besonder die werkgroep vir landbou-ontwikkeling, poog reeds om nuwe toetreders by te staan met ekonomies-volhoubare produksie wat die lewens van duisende mense raak.

Daarby bly die *Graangids* steeds 'n belangrike medium vir die verspreiding van inligting relevant tot landbou. Waardevolle inligting oor saad, werktuie, bemesting, geïntegreerde plaagbeheer, diere, markte en finansiële dienste kan in dié gids gevind word. Daar is in die 2015-uitgawe nuttige, opgedateerde kontakbesonderhede van verskaffers en dienste sowel as nuwe artikels wat landbouers bemagtig met kennis oor 'n wye spektrum van landbousake.

Dit is van kritieke belang dat inligting vervat in die gids tesame met die betrokkenheid van Graan SA se personeel wat dié inligting op grondvlak toepas, suksesse oplewer.

Met al die uitdagings wat 2015 bied, wens ons alle Graan SA-lede voorspoed toe vir dié jaar. Mag julle God se seën mildelik ervaar.

Graangids-groete
Louw Steytler
Voorsitter: Graan SA



Graan SA se fokus is om 'n seker toekoms vir landbou te help skep



Hierdie jaar was een met baie uitdagings vir Graan SA en sy produsentelede. Jy glo dat jy in beheer is van jou omgewing en alles wat daarop 'n invloed het, maar dan word dit wat jy as die fundamentele sien, deur faktore buite jou beheer geskud. In sulke situasies kan 'n mens nie toelaat dat emosies jou besluite oorheers nie; jy moet rasioneel dink. Dit is hier waar 'n organisasie soos Graan SA waarde tot sy produsentelede se besigheid kan toevoeg deur namens hulle te onderhandel vir 'n beter bedeling.

Ek het die afgelope jaar baie tyd in my kantoor spandeer; meer as in die verlede. Amper 40% hiervan was net aan grondhervorming gewy. Een ding waaraan ek myself bly herinner, is dat Graan SA 'n kommoditeitsorganisasie is waarvan die kernbesigheid grane en oliesade is. Dit help egter nie ons kernbesigheid is graan sonder grond nie. Albei hierdie sake is belangrik en hou onsekerhede in. Die afgelope jaar het groot eise aan Graan SA gestel om hierin 'n bydrae te lewer. Gelukkig kan ons sê daar is reeds planne op die tafel. 'n Derde belangrike saak is georganiseerde landbou, wat duidelik nog nie by 'n eindbestemming is nie al is ons op pad soontoe. Nog 'n belangrike saak is hoe Graan SA se struktuur moet lyk en hoe ons ons produsentelede beter kan bedien. Hierdie sake sal in 2015 voorkeuraandag geniet.

Opleiding

Iets wat ons in die verlede nie gekommunikeer het nie, is hoeveel van ons personeel op die oomblik besig is om verder te studeer. Omtrent al die personeel in Graan SA se Finansiële Departement is besig met 'n BCom- of GR-graad. Talle van ons personeel is besig om kursusse en/of diplomakursusse te volg. Ons het dus 'n hoë premie daarop gesit om ons vaardigheids-poel te verbeter.

Die ander belangrike saak wat daarby aansluit, is die fokus wat ons op vaardigheidsontwikkeling plaas. Veral sagte vaardighede – die mens-goed of nie-tegniese vaardighede soos: Hoe ons konflik hanteer, hoe ons diversiteit hanteer en hoe leierskap moet aanpas om nuwe situasies te hanteer. Ons het heelwat energie in die Graan SA/Syngenta Graanakademie belê en die Jong Leierslaboratorium gaan voort om die waarde van mentorskap in ons jong graanleiers se lewens te vestig. Ons moet met ons verhoudinge en vaardighede saam oplossings vind vir belangrike struikelblokke soos grondhervorming en herstrukturering.

Navorsing

'n Hoë prioriteit word aan navorsing gegee. Dr Marinda Visser, bestuurder van Graan SA Bedryfsdienste, het 'n stuk dinamika ingebring deurdat navorsing op 'n nuwe manier gedoen word. Ons het 'n klomp navorsers wat vir hierdie organisasie en sy produsente werk.





Die hele projek wat dr Hendrik Smith met die bewaringsbenadering dryf, is om van produsente navorsers te maak, want dan kry jy die werklike goed wat op die grond gebeur baie makliker en vinniger in die hande en sodoende word produsente eerstehands deel van navorsing.

Die fokus om volhoubaarheid te bewerkstellig deur klimaatsverandering in ag te neem, het 'n nuwe dimensie gebring. Die hele bewaringskonsep en droogtebestande plante het verder na vore getree. Voedselveiligheid is die ander saak wat aandag begin vereis – met die fokus op mikotoksiene. Iets wat my die laaste tyd in besonder opgeval het, is hoe gevorderd ons navorsing is. Op die oomblik doen jong navorsers die wonderlikste navorsing oor biotegnologie in plante. So is ons besig om jong kapasiteit te skep wat op die nuutste biotegnologie werk. Dit gee my die hoop dat ons genoeg kos vir die land sal kan produseer.

Werkseeping

Ons het 'n paar jaar gelede strategies besluit dat ons graanprodusente wil aanmoedig om ter wille van voedselsekerheid meer te plant en dat ons die produkte sal uitvoer en die markte sal groei. As 'n strategiese intervensie het dit 'n positiewe invloed op werkseeping in die landbou-sektor gehad. Daarenteen het politieke uitsprake oor grondhervorming deur die regering gedurende 2013 'n merkbare negatiewe impak hierop gehad.

Volhoubare finansiering

Graan SA is steeds in 'n proses om aan die organisasie se volhoubare finansiering aandag te gee. Die heffingsaanpassing wat tydens Kongres 2014 goedgekeur is, is reeds geïmplementeer en ons het baie goeie resultate daaruit gekry. Daar het 'n klomp harde werk daarin gegaan en ek wil graag die lede en personeel wat dit geïmplementeer het, daarvoor bedank. 'n Gefokusde bemakingsafdeling is gevestig en nou moet ons probeer om die persentasie heffingbetalers te verhoog. Die positiewe daarvan is dat Graan SA steeds sy outonomie kan behou as 'n vrywillige organisasie wat homself befonds.

Ek sluit graag af met die volgende gedagte: In 'n tyd van verandering moet ons aanhou om die regte dinge te doen, ongeag van wat rondom ons gebeur. Ons kan nie toelaat dat onsekerhede ons karakter verander en die stabiliteit in landbou aantas nie. Behou integriteit en waak daarteen om in politiekery te verval – ons moet graanprodusente bly.

Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder: Graan SA



Nuttige kontakbesonderhede

Georganiseerde landbou

Graan SA	info@grainsa.co.za	086 004 7246
Aartappels Suid-Afrika	ontvangs@potatoes.co.za	012 349 1906
African Farmers Association of South Africa (AFASA)	info@afasa.za.org	012 348 8566
Agri Gauteng	dhanekom@agrigauteng.com	012 643 3400
Mpumalanga Landbou/Agriculture	mp.landbou@mweb.co.za	017 819 1295
Agri Limpopo	info@agrilimpopo.co.za	015 590 1024
Agri Noord-Kaap	ncagric@worldonline.co.za	053 832 9595
Agri NW	agrinw@lantic.net	018 632 2987
Agri Oos-Kaap	natasja.barkhuizen@agriec.co.za	041 363 1890
Agri SA	agrisa@agrisa.co.za	012 643 3400
Agri Wes-Kaap	carl@awk.co.za	021 860 3800
KwaZulu-Nataalse Landbou-unie (KWANALU)	sandy@kwanalu.co.za	033 342 9393
Landboubesigheidskamer (Agbiz)	admin@agbiz.co.za	012 807 6686
Melk Produseerders Organisasie (MPO)	info@mpo.co.za	012 843 5600
Transvaalse Landbou-unie (TLU SA)	koms@tlu.co.za	012 804 8031
Vrystaat Landbou	info@vslandbou.co.za	051 444 4609

Regering

Departement van Gesondheid	www.health.gov.za	012 395 8000
Departement van Handel en Nywerheid	contactus@thedti.co.za	086 184 3384
Departement van Landbou, Bosbou en Visserye	enquiries@daff.gov.za	012 319 6000
Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming	LMLegodi@ruraldevelopment.gov.za	012 312 8911
Departement van Mynwese	enquiries@dmr.gov.za	012 444 3000
Departement van Omgewingsake en Toerisme	callcentre@environment.gov.za	012 399 9000
Departement van Waterwese en Sanitasie	www.dwaf.gov.za	012 336 8387
Departement van Vervoer	khozac@dot.gov.za	012 309 3657
Gauteng provinsiale regering	hotline@gauteng.gov.za	086 001 1000
Industrial Development Corporation	callcentre@idc.co.za	086 069 3888
International Trade Administration Commission (ITAC)	info@itac.org.za	012 394 3688
KwaZulu-Natal provinsiale regering	kznonline@kznpremier.gov.za	080 059 6596
Limpopo provinsiale regering	talk2me@premier.limpopo.gov.za	080 086 4729
Mpumalanga provinsiale regering	www.mpumalanga.gov.za	013 766 0000
Nasionale Landboubeoordelingsraad (NLBR)	info@namc.co.za	012 341 1115
Nasionale Oesskattingkomitee (NOK)	RonaB@nda.agric.za	012 319 8032
Noord-Kaap provinsiale regering	information@ncpg.gov.za	053 838 2600
Noordwes provinsiale regering	webmaster@nwp.gov.za	018 388 2448
Onafhanklike Polisie-ondersoekende Direktooraat (IPID)	complaints@ipid.gov.za	012 399 0000



Oos-Kaap provinsiale regering	www.ecprov.gov.za	040 609 6644
Vrystaat provinsiale regering	premier@premier.fs.gov.za	051 405 5799
Wes-Kaap departement van landbou	info@elsenburg.com	021 808 5111
Wes-Kaap provinsiale regering	service@westerncape.gov.za	086 014 2142

Plaa- en onkruidbeheer

Agricultural Chemical Distribution Association of South Africa (ACDASA)	hettie@avcasa.co.za	011 805 2000
Croplife Suid-Afrika	info@croplife.co.za	011 805 2000
Association of Veterinary and Crop Associations of South Africa (AVCASA)	hettie@avcasa.co.za	011 805 2000
Gifstofwerkgroep	neshar@tiscali.co.za	082 446 8946
Registrateur: Wet Nr. 36 van 1947	malutam@daff.gov.za	012 319 7303
Rooibekkwelea Beheersentrum	khulisog@daff.gov.za	012 309 5823
South African Animal Health Association (SAAHA)	info@saaha.co.za	011 805 2000

Landbounavorsingsraad

Landbounavorsingsraad (LNR) Hoofkantoor	nkami@arc.agric.za	012 427 9700
LNR-Instituut vir Graangewasse	jamesm@arc.agric.za	018 299 6100
LNR-Instituut vir Grond, Klimaat en Water	iscwinfo@arc.agric.za	012 310 2500
LNR-Instituut vir Landbou-ingenieurswese	iaeinfo@arc.agric.za	012 842 4017
LNR-Irene Diereverbeteringsinstituut	ulecuona@arc.agric.za	012 672 9111
LNR-Kleingraaninstituut	burgere@arc.agric.za	058 307 3400
LNR-Onderstepoort Veterinêre Instituut	ovi-info@arc.agric.za	012 529 9111

Bemesting

Agri Laboratory Association of South Africa (AgriLASA)	dhattingh@nviroteklabs.co.za	082 885 8699
Fertilizer Association of Southern Africa (FERTASA)	general@fertasa.co.za	012 349 1450

Markte

Animal Feed Manufacturers Association (AFMA)	admin@afma.co.za	012 663 9097
Arbitration Foundation of South Africa (AFSA)	info@arbitration.co.za	011 320 0600
Graan Silo Industrie (GSI)	lizbe@graansilo.co.za	012 807 3002
Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV)	nwga@nwga.co.za	041 365 5030
National Chamber of Milling (NCM) – koring en mielies	info@grainmilling.org.za	012 663 1660
Perishable Products Export Control Board (PPECB)	ho@ppecb.com	021 930 1134
SA Sojavoedselvereniging (SSA)	info@ssa.org.za	012 807 7600
SA Vereniging vir Gewasproduksie (SAVG)	sascp.secretariat@gmail.com	018 299 6346
South African Futures Exchange (Safex)	info@jse.co.za	011 520 7000

Vervolg op bl. 8



Nuttige kontakbesonderhede

Vervolg van bl. 7

South African Cereals and Oilseeds Trade Association (SACOTA)	sacotaadmin@afma.co.za	012 663 9097
South African Grain Information Service (SAGIS)	info@sagis.org.za	012 523 1400
Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium (SAGL)	info@sagl.co.za	012 807 4019
Roovleis Produsente Organisasie (RPO)	admin@rpo.co.za	012 348 1933

Werktuie

Suid-Afrikaanse Landboumasjinerie-assosiasie (SALMA)	agfacts@worldonline.co.za	011 453 7249
Suid-Afrikaanse Instituut vir Landbou-ingenieurs (SAILI)	boeboe@saili.co.za	012 842 4000

Saad

Suid-Afrikaanse Nasionale Saadorganisasie (SANSOR)	genman@sansor.co.za	012 472 9516
----------------------------------------------------	---------------------	--------------

Trusts en stigtings

Mielietrust	l-lagric@mweb.co.za	012 807 3958
Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT)	info@opot.co.za	011 234 3400/1
Proteïennavorsingstigting (PNS)	maria@proteinresearch.net	011 234 3400
Sorghumtrust	l-lagric@mweb.co.za	012 333 3429
Wintergraantrust	ishmael.tshiame@wctrust.co.za	012 663 1600

Opleiding

Agri Sector Education and Training Authority (AgriSETA)	info@agriseta.co.za	012 301 5600
Cedara Landboukollege (KwaZulu-Natal)	college@kzndae.gov.za	033 355 9304
Elsenburg Landboukollege (Wes-Kaap)	mariusp@elsenburg.com	021 808 5451
Fort Cox Landboukollege (Oos-Kaap)	unathi.mbangeni@fortcox.ac.za	040 653 8033/5/8
Glen Landboukollege (Vrystaat)	queeny@fs.agric.za	051 861 8316
Groofofontein Landboukollege (Oos-Kaap)	info.principal@gfn.agric.za	049 802 6600
Madzivhandila Landboukollege (Limpopo)	mudauks@gmail.com	015 962 7200
Noordwes-Universiteit	amanda.vandermerwe@nwu.ac.za	018 299 4897
Owen Sithole Landboukollege (KwaZulu-Natal)	siya.mazibuko@kzndae.gov.za	035 795 1345
Potchefstroom Landboukollege	PDjan@nwpg.gov.za	018 299 6608
Taung Landboukollege	avanheerden@nwpg.gov.za	053 994 9800
Tompi Seleka Landboukollege (Mpumalanga)	wswana@yahoo.com	013 264 5300
Tsolo Landboukollege (Oos-Kaap)	wambovu@gmail.com	047 542 0221
Universiteit van Limpopo	marketing1@ul.ac.za	012 521 4797



Universiteit van die Vrystaat	info@ufs.ac.za	051 401 9111
Universiteit van Fort Hare (Oos-Kaap)	registrar@ufh.ac.za	040 602 2501
Universiteit van Mpumalanga	sandile.mabuza@ump.ac.za	013 753 3065/7/8/9
Universiteit van Pretoria	csc@up.ac.za	012 420 3111
Universiteit van Stellenbosch	info@sun.ac.za	021 808 9111
Universiteit van Venda	communications@univen.ac.za	015 962 8000
Universiteit van KwaZulu-Natal	enquiries@ukzn.ac.za	031 260 1111
Universiteit van Zoeloeiland	admissions@unizulu.ac.za	035 902 6000
Universiteit van Suid-Afrika	infoservices@unisa.ac.za	012 429 3111
Wes-Rand Landboukollege	simon.letsoalo@gauteng.gov.za	011 240 2722

Noodnommers

Brandstof- en dieselverspilling

• Spill Response Team	mjele@wasteman.co.za	012 661 3866
• Drizit SA	drizit@iafrica.com	031 274 2300
• Enviroserv	clientservices@enviroserv.co.za	080 019 2783
• Rapid Response	info@rapidspillresponse.com	080 017 2743

Chemiese verspilling

• Dr Gerhard Verdoorn	neshet@tiscali.co.za	082 446 8946
• South African Petroleum Industry Association (SAPIA)	info@sapia.co.za	011 783 7664

Brand

• Fire Protection Association of South Africa (FPASA)	library@fpasa.co.za	011 397 1618/9
-------------------------------------------------------	---------------------	----------------


GRAANGIDS

**BESTURENDE
REDAKTEUR**

Johan Loxton
Graan SA
Tel: 086 004 7246
Faks: 086 509 7276
johan@grainsa.co.za

PROJEKKOÖRDINEERDER

Adri Theron
Infoworks
Tel: 018 468 2716
adri@infoworks.biz

TEGNIÛSE REDAKTEUR

Johan Smit
Infoworks
Tel: 018 468 2716
johan@infoworks.biz

ONTWERP

Ashley Erasmus
Infoworks

ADVERTENSIEVERKOPE

KOLBE ADVERTISING – Kaapstad
Jurgen van Onselen
Tel/Faks: 021 976 4482

Sel: 082 417 3874
jurgenvo@iburst.co.za

EIENAAR/UITGEWER

**GRAAN SA
POSBUS 88
BOTHAVILLE
9660**



Omrekeningstabelle en -formules

GEWIG

Koring en sojabone

1 boesel koring of sojabone	= 60 lb
	= 27,216 kg
	= 0,0272 metrieke ton
	= bu x 0,027216
Boesels na metrieke ton	36,74371 bu koring of sojabone

Een metrieke ton is gelyk aan:

Koring: bu/acre x 0,06725 = metrieke ton/hektaar

Mielies en sorghum

1 boesel mielies of sorghum	= 56 lb
	= 25,4012 kg
	= 0,0254 metrieke ton
	= bu x 0,025400
Boesels na metrieke ton	39,3679 bu mielies en sorghum

Een metrieke ton is gelyk aan:

Mielies: bu/acre x 0,06277 = metrieke ton/hektaar

Gars

1 boesel gars	= 48 lb
	= 21,772 kg
	= 0,0218 metrieke ton
	= bu x 0,021772
Boesels na metrieke ton	45,9296 bu gars

Een metrieke ton is gelyk aan:

Gars: bu/acre x 0,05380 = metrieke ton/hektaar

Hawer

1 boesel hawer	= 32 lb
	= 14,515 kg
	= 0,0145 metrieke ton
	= bu x 0,014515
Boesels na metrieke ton	68,8944 bu hawer

Een metrieke ton is gelyk aan:

Hawer: bu/acre x 0,03587 = metrieke ton/hektaar

TEMPERATUUR

°F	°C
32	0
40	4,4
50	10
60	15,6
70	21,1
75	23,9
85	29,4
95	35
100	37,7
105	40

C = 5/9 (F - 32)

F = 9/5 (C + 32)

VIR OMREKENING; MAAL MET...

Voet na meter	: 0,3048
Meter na voet	: 3,281
Meter na jaart	: 1,094
Gallon na liter	: 4,546
Liter na gallon	: 0,22
Morg na hektaar	: 0,8565
Kilometer na myl	: 0,6214
Myl na kilometer	: 1,609
Pond na kilogram	: 0,4536
Pond na gram	: 453,6

GRONDOPPERVLAKTE EKWIVALENTE

1 hektaar	= 2,4710 acre
1 vierkante myl	= 640 acre (259 hektaar)
1 acre	= 0,404694 hektaar
	= 43,560 vierkante voet
	= 4,800 vierkante jaart

Bron: www.isg.co.za • www.sagis.org.za



ANDER

1 kilogram	=	2,204622	pond
1 kwintaal	=	100 kg	
1 metrieke ton	=	10 kwintaal	
	=	1 000 kg	

**1 TON
(METRIEKE TON)
IS GELYK AAN**

=	1 kubieke meter water
=	1 000 liter
=	10 sentenaar
=	10 kwintaal

**METRIEKE
GEWIG EN
OMREKENING**

100 kilogram	=	1 kwintaal
1 kilogram	=	2,240 622 lb
1 kwintaal	=	220,462 lb

GESKATTE KAPASITEIT VAN RESERVOIRS (IN LITER)

Deursnee in meter	Diepte in meter				
	1,2 m	1,5 m	1,8 m	2,1 m	2,4 m
3	8 600	10 760	12 900	15 000	17 200
3,6	12 200	15 300	18 300	21 800	24 400
4,2	16 650	20 800	25 000	29 200	33 300
4,8	21 700	27 200	32 600	37 900	43 400
6	34 000	42 500	51 000	59 400	68 000
7,5	53 000	66 000	75 600	92 700	108 000
9	76 500	95 500	114 700	134 000	150 200
10,5	104 000	130 000	155 800	182 000	207 900
12	126 000	170 000	203 500	237 000	271 000
13,5	172 000	241 000	257 500	300 000	344 000
15	212 000	266 000	318 200	372 000	425 000
16,5	257 000	321 000	385 000	450 000	514 000
18	306 000	382 000	458 000	534 000	610 000

VOGINHOUD TYDENS LEWERING

Graan word selde teen die standaard voginhoud verkoop. Wanneer die voginhoud groter is as die standaard, word die graan se gewig verdiskonteer om vir die bykomende vog voorsiening te maak.

Die volgende voginhoudstandaarde word as voorwaarde vir die lewering van kommoditeite by silo's gebruik, naamlik:

	Gelewer	Ooreengekome standaard
Sorghum	≤ 14%	
Koring	≤ 13%	
Mielies	≤ 14%	12,5% – Droog
Sojabone	≤ 13%	
Sonneblom	≤ 10%	
Grondbone	≤ 7%	
Kanola	≤ 8%	
Gars	≤ 12,5%	
Hawer	≤ 12,5%	

Byvoorbeeld: Mielies word gelewer teen 'n voginhoud van 14%.

$$\begin{aligned} \text{Formule:} & \quad \frac{(100\% - \text{gelewer } \%)}{(100\% - \text{standaard } \%)} \\ & = \frac{(100\% - 14\%)}{(100\% - 12,5\%)} \\ & = \frac{86\%}{87,5\%} \\ & = 0,9828 \end{aligned}$$

Deur die gewig van die gelewerde graan met 0,9828 te vermenigvuldig, word die gewig van die mielies teen 12,5% voginhoud bereken, byvoorbeeld 'n vrag mielies van 32 000 kg gelewer teen 14% vog, se gewig is (32 000 kg x 0,9828) 31 449,6 kg @ 12,5% voginhoud.



Reënvalkalender 2015

	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN
1	Do	So	So	Wo	Vr	Ma
2	Vr	Ma	Ma	Do	Sa	Di ○
3	Sa	Di	Di	Vr	So	Wo
4	So	Wo ○	Wo	Sa ○	Ma ○	Do
5	Ma ○	Do	Do ○	So	Di	Vr
6	Di	Vr	Vr	Ma	Wo	Sa
7	Wo	Sa	Sa	Di	Do	So
8	Do	So	So	Wo	Vr	Ma
9	Vr	Ma	Ma	Do	Sa	Di ●
10	Sa	Di	Di	Vr	So	Wo
11	So	Wo	Wo	Sa	Ma ●	Do
12	Ma	Do ●	Do	So ●	Di	Vr
13	Di ●	Vr	Vr ●	Ma	Wo	Sa
14	Wo	Sa	Sa	Di	Do	So
15	Do	So	So	Wo	Vr	Ma
16	Vr	Ma	Ma	Do	Sa	Di ●
17	Sa	Di	Di	Vr	So	Wo
18	So	Wo	Wo	Sa ●	Ma ●	Do
19	Ma	Do ●	Do	So	Di	Vr
20	Di ●	Vr	Vr ●	Ma	Wo	Sa
21	Wo	Sa	Sa	Di	Do	So
22	Do	So	So	Wo	Vr	Ma
23	Vr	Ma	Ma	Do	Sa	Di
24	Sa	Di	Di	Vr	So	Wo ●
25	So	Wo ●	Wo	Sa	Ma ●	Do
26	Ma	Do	Do	So ●	Di	Vr
27	Di ●	Vr	Vr ●	Ma	Wo	Sa
28	Wo	Sa	Sa	Di	Do	So
29	Do		So	Wo	Vr	Ma
30	Vr		Ma	Do	Sa	Di
31	Sa		Di		So	



JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES	
Wo	Sa	Di	Do	So	Di	1
Do ○	So	Wo	Vr	Ma	Wo	2
Vr	Ma	Do	Sa	Di ●	Do ●	3
Sa	Di	Vr	So ●	Wo	Vr	4
So	Wo	Sa ●	Ma	Do	Sa	5
Ma	Do	So	Di	Vr	So	6
Di	Vr ●	Ma	Wo	Sa	Ma	7
Wo ●	Sa	Di	Do	So	Di	8
Do	So	Wo	Vr	Ma	Wo	9
Vr	Ma	Do	Sa	Di	Do	10
Sa	Di	Vr	So	Wo ●	Vr ●	11
So	Wo	Sa	Ma	Do	Sa	12
Ma	Do	So ●	Di ●	Vr	So	13
Di	Vr ●	Ma	Wo	Sa	Ma	14
Wo	Sa	Di	Do	So	Di	15
Do ●	So	Wo	Vr	Ma	Wo	16
Vr	Ma	Do	Sa	Di	Do	17
Sa	Di	Vr	So	Wo	Vr ●	18
So	Wo	Sa	Ma	Do ●	Sa	19
Ma	Do	So	Di ●	Vr	So	20
Di	Vr	Ma ●	Wo	Sa	Ma	21
Wo	Sa ●	Di	Do	So	Di	22
Do	So	Wo	Vr	Ma	Wo	23
Vr ●	Ma	Do	Sa	Di	Do	24
Sa	Di	Vr	So	Wo	Vr ○	25
So	Wo	Sa	Ma	Do ○	Sa	26
Ma	Do	So	Di ○	Vr	So	27
Di	Vr	Ma ○	Wo	Sa	Ma	28
Wo	Sa ○	Di	Do	So	Di	29
Do	So	Wo	Vr	Ma	Wo	30
Vr ○	Ma		Sa		Do	31

● Nuwe maan

◐ Eerste kwartier

○ Volmaan

◑ Laaste kwartier



Wenke vir die bestryding en bestuur van veldbrande

Veldbrande rig jaarliks groot skade vir produsente aan. Frans Marx, bestuurder van Wolmaransstad se hoogs suksesvolle Brandbeskermingsvereniging (BBV) en direkteur van Suidwes, het ingestem om 'n paar wenke na aanleiding van sy ervaring met ons te deel.

Wenke vir die voorkoming van veldbrande

- Maak en onderhou jou brandbane elke jaar betyds. Elke grondeienaar en -huurder is volgens wet verplig om dit te doen. Verseker dit is vry van brandbare materiaal – 'n bossiekapper maak nie 'n brandbaan nie.
- Praat gereeld met werkers en leer hulle die gevare van oop vure.
- Maak seker dit is skoon in die areas waar kos op oop vure gemaak word.
- Dit is raadsaam om breë brandstroeke rondom jou werkers se huise te maak.
- Moenie op dae wat die wind sterk waai, die volgende doen nie:
 1. Sny met snywiele naby droë gras.
 2. Sweiswerk in die oopte (hekke, windpompe, trekpale ensovoorts).
 3. Skraap van paaie met 'n skraper op klipperige grond.
 4. Sny met bossiekappers.
 5. Maal van voer.
 6. Wenakkers en brand van lande.
- Trekkers wat vir lang tye ligte werk gedoen het en skielik swaar werk doen, kan vonke by die uitlaatpyp uitgooi – wat 'n brand kan veroorsaak.
- As jy brandwerk móét doen, doen dit vroeg in die oggend.
- Maak die skouers van sekondêre paaie skoon en kort, sodat terugbrande maklik gemaak kan word.

Wenke vir die bestryding van wegholveldbrande

Om wegholveldbrande te voorkom, moet daar 'n oorhoofse brandstrategie bestaan. Dit is gewoonlik die taak van die BBV, maar in gevalle waar daar nie só iets bestaan nie, kan produsente dit self onder mekaar beplan en 'n plan opstel. Die volgende aspekte moet in die plan gedek word:

- Beplan waar wegholbrande gestuit gaan word, met ander woorde by groot grondpaaie of groot brandstroeke. Dit is belangrik dat alle grondeienaars (eienaars en huurders) deeglik bewus is van waar hierdie punte is, sodat daar nie op die dag van 'n wegholbrand getwyfel word waar die terugbrand gemaak moet word nie.
- Beplan vir drie groepe om sodoende 'n wegholbrand te stuit:
 - o Groep 1 is die span wat die terugbrand gaan maak om die vuur te stuit.
 - o Groep 2 is die span wat van links agter die vuur inbeweeg en dit van agter blus.
 - o Groep 3 is die span wat van regs agter inbeweeg om die vuur van agter te blus.
- Kommunikasie is van kardinale belang en daar moet van tweerigtingradio's gebruik gemaak word, aangesien selfone ondoeltreffend is.
- Goeie beheer by wegholveldbrande is belangrik. Gewoonlik neem die BBV-brandhoof die leiding, maar in gevalle waar daar nie só iets bestaan nie, moet die eienaars só 'n persoon identifiseer en aanstel. Dit is verder belangrik om ander persone – ten minste drie per streek – te identifiseer wat leiding kan neem.



- Die nasorg (ingooi van miskoeke, stompe en ander materiaal wat nog smeul) is baie belangrik aan elke kant van die vuur, sodat daar nie weer 'n brand ontstaan nie. Iemand moet getaak word om dit te doen. Dit is gewoonlik die grondeienaar se taak om te sorg vir nasorg by die vuur.
- 'n Vroeë waarskuwingstelsel moet beplan word. Tweerigtingradio's werk goed. Borde langs hoofroetes met selfoonnummers daarop is ook effektief om die publiek te betrek om betyds alarm te maak tydens brande.
- Aanvullingspunte vir water moet geïdentifiseer word.
- Skakel met die polisie en die verkeerspolisie, sodat paaie gesluit kan word indien digte rook oor paaie beweeg en verkeer sodoende beheer kan word. Indien daar kraglyne is wat brand, kan Eskom ook betrek word.
- Beplan opleiding vir grondeienaars en plaaswerkers wat betrokke gaan wees by die bestryding van veldbrande.

Wenke tydens veldbrande

- Kyk na die spoed en rigting van die wind, want dit bepaal hoe ver vooruit jy 'n terugbrand moet maak om die vuur te stuit.
- Bepaal die punt waar jy die vuur gaan stop en laat die persone wat daarvoor getaak is, dit daar gaan doen.
- Beweeg sover moontlik in reeds-gebrande gedeeltes – veral op warm dae wanneer warrelwinde voorkom. Só 'n warrelwind kan veroorsaak dat jy binne die vuur vasgevang kan word.
- Maak seker jy weet altyd waar jy is en waar die gedeeltes is wat klaar gebrand het, sodat jy soontoe kan vlug as dit moet.
- Moenie vorentoe beweeg indien die vuur agter jou nie heeltemal geblus is nie.
- Bestry altyd eerste die buitekante van die vuur; binnebrande kan later geblus word. Maak seker dat jy weet watter is die buiteflanke van die vuur.
- Probeer altyd in spanne van drie spuite werk, dan is 'n mens gewoonlik verseker dat die vuur agter jou geblus is.
- Hou jou voertuig se hittemeter altyd dop.
- Sorg altyd dat daar genoeg persone betrokke is by die terugbrand om die vuur te stuit, sodat daar nie 'n tweede vuur ontstaan nie. Slegs die brandhoof besluit waar teruggebrand gaan word.
- Dra altyd beskermende klere en maskers.
- Neem genoeg drinkwater saam en neem gereeld water in.
- Laat weet grondeienaars wat deur die vuur bedreig word betyds om hulle vee te verwyder – ± 10 km vooruit tydens wegholbrande.
- Dink altyd helder en moenie kansse vat nie – jou lewe is meer werd!

Skrywer: Frans Marx, BBV Wolmaransstad



Werknemer onder die invloed – wat nou?

Werknemers aan diens wat onder die invloed van alkohol verkeer, bly 'n probleem vir enige werkgewer. Alkoholgebruik affekteer 'n werknemer se visie, spraak, koördinasie en reaksiespoed. Werknemers wat onder die invloed van alkohol is en met masjinerie werk of voertuie bestuur, hou 'n hoë risiko in vir die werkgewer, hulself en ook hul medewerknemers. Daar rus 'n verpligting op die werkgewer om 'n veilige werksomgewing vir alle werknemers te skep en daarom moet hierdie oortreding in lyn met die dissiplinêre kode en prosedure hanteer word.

Hoe om te bepaal of 'n werknemer onder die invloed is:

Arbeidswetgewing spesifiseer nie wat die simptome is om te bepaal of 'n werknemer onder die invloed van alkohol is nie. Daarom is dit belangrik om beleidsmaatreëls ten opsigte van alkohol in die werksplek te implementeer. Werknemers kan ook aan alkoholtoetsing onderwerp word gedurende werkstyd, maar slegs indien dit só vervat is in hul dienskontrakte of in 'n alkoholbeleid.

Werkgewers kan in die algemeen die volgende simptome in ag neem om te bepaal of 'n werknemer onder die invloed van alkohol is:

- Rooi en bloedbelope oë met pupille wat vergroot is.
- Praat met 'n sleep tong en onsamehangend.
- Gedragsverandering.
- Slingerloop, met ander woorde die persoon is gedisorïenteerd.
- Vertraagde koördinasie en reaksie.
- Asem ruik na alkohol.

Hoe om op te tree indien 'n werknemer onder die invloed is:

1. Roep die werknemer eenkant, verkieslik na 'n kantoor. Sorg dat 'n getuie teenwoordig is.
2. Stel vas of die werknemer onder die invloed is. Versoek die werknemer om in die toetsapparaat te blaas. Indien jy nie oor só 'n apparaat beskik nie, kan die werknemer na 'n geneesheer geneem word vir bloedtoetse om sy alkoholvlak te toets.
3. Indien hierdie metodes nie beskikbaar is nie, of indien die werknemer weier om sy/haar samewerking en toestemming te gee, teken sy gedrag en voorkoms aan. Vra ook getuies om hul waarnemings aan te teken. Dit is belangrik om dit op skrif te stel.
4. Stuur die werknemer liefies huis toe vir die dag, sonder betaling.
5. Volg die korrekte prosedure volgens jou dissiplinêre kode.

Dissiplinêre verhoor

Indien 'n dissiplinêre verhoor gehou word, is dit belangrik dat die korrekte prosedure gevolg word om regverdige prosedure en substantiewe billikheid te verseker. Tydens die dissiplinêre verhoor moet alle getuies wat die simptome waargeneem het, teenwoordig wees. Die bewyslas is nie so swaar in arbeidsreg nie en die werkgewer moet slegs op 'n oorwig van waarskynlikheid kan bewys dat die werknemer wel onder die invloed van alkohol was gedurende werkstyd, wat 'n baie ernstige oortreding is.

Drank- en dwelmoortredings in die werksplek is baie ernstige oortredings en die verantwoordelikheid om hierdie oortredings aan te spreek, lê by die werkgewer. Indien daar 'n ongeluk in die werksplek plaasvind en die betrokke werknemer was onder die invloed van drank of dwelms, sal die werkgewer verantwoordelik gehou word indien hy/sy nie opgetree het teenoor sodanige werknemer nie. Om dissipline in die werksplek te handhaaf, moet dit konsekwent toegepas word. Duidelike reëls in die werksplek is van kardinale belang om 'n werksomgewing te skep waarin konflik beperk word met die oog op verhoogde produktiwiteit. Kontak gerus die LWO Werkgewersorganisasie vir meer inligting by 086 110 1828, info@lwo.co.za of www.lwo.co.za.

Skrwyer: Crystal McLaughlin, Regsadviseur: LWO Werkgewersorganisasie





Die bestuur van nuutaangestelde werknemers en afwesigheid van werk

Soos met enige van die ander bestuursfunksies van die boerdery-onderneming, benodig menslike hulpbronne bestuursondersteuning en aandag.

Die bestuur van werknemers in diens van 'n boerdery plaas daagliks uitdagings op die bestuur of eienaar van die boerdery. Hierdie uitdagings is legio en vereis goeie kennis, geduld en begrip van elke situasie. Ons gee in hierdie artikel aandag aan sekere aktuele situasies waarmee werkgewers gekonfronteer kan word.

- Die eerste probleem ontstaan net ná die aanstelling van 'n nuwe werknemer. Dit het aanvanklik goed gegaan vir die eerste weke of dalk maande en dan het probleme begin kop uitsteek. Dit is uiters belangrik om reeds met die onderhoud vas te stel of die kandidaat wat jy wil aanstel oor die nodige vereistes beskik wat jy aan hom wil stel. Met ander woorde, sal hy die werk wat jy van hom verwag, kan doen? Daarvoor is dit nodig dat jy 'n proeffydperk moet instel om sodoende die werknemer se geskiktheid te meet. Slegs as daar afwykings is, het jy die reg om die werknemer se dienste te beëindig sou hy nie aan die vereistes voldoen nie. Die volle prosedure van diensbeëindiging moet egter steeds gevolg word.
- Daar is ook gevalle waar die werknemer sekere aspekte van sy persoonlike situasie van die werkgewer weerhou het tydens die onderhoud en aanstelling. Hiervoor is dit belangrik dat jy al die inligting verkry wat vir jou belangrik is, maar die werknemer moet op sy dienskontrak verklaar dat hy eerlik is met inligting wat oorgedra word. Die vasstel van probleme later in die diensperiode kan ook tot ontslag lei.
- Daagliks is daar ander situasies wat ook 'n sterk impak op die bestuursvaardigheid van die werkgewer of die bestuurders van 'n onderneming het. Die afwesigheid van werk skep 'n ernstige dilemma met produktiwiteit. Afwesigheid neem verskeie vorme aan. Onthou egter dat die werknemer sy tyd aan die boerdery verkoop. Indien hy nie sy tyd of aandag aan die onderneming beskikbaar stel nie, is hy nie geregtig op vergoeding nie. Geen werk, geen betaling, is die beginsel.
- Wegbly van die werk is 'n ernstige oortreding en behalwe dat die werknemer nie betaal word nie, moet hy ook, gebaseer op jou dienskontrak en dissiplinêre kode, gestraf word.
- Maandag- en betaaldag-afwesighede is van die meeste probleme wat ervaar word. Soos met enige ander afwesigheid van werk, soos byvoorbeeld waar die werknemer verlof neem, moet die werkgewer vooraf kennis dra van enige wegblyery van die werksplek. Streng optrede kan volg wanneer daar nie vooraf kennis gegee is en toestemming vir afwesigheid nie verkry is nie. Hierdie situasies word misbruik tot nadeel van die produktiwiteit van die boerdery. Dit is die werkgewer of bestuur se verantwoordelikheid om die misbruik te stop.

Vervolg op bl. 18





Die bestuur van nuutaangestelde werknemers en afwesigheid van werk

Vervolg van bl. 17

- Soos genoem, moet alle verlof vooraf goedgekeur word. Die werknemer moet 'n redelike tyd voordat hy die verlof benodig, die omstandighede met die werkgewer bespreek en die nodige goedkeuring verkry. Sou dit gebeur dat die verlof nie goedgekeur word nie en die werknemer bly dan net weg, gaan hy sy werk verloor. Goedkeuring geld vir alle verloftipes: Gewone verlof, kraamverlof, onbetaalde verlof en familie-verantwoordelike-verlof. Die beste wyse om dit te hanteer, is 'n behoorlike verlof-rekord.
- Siekteverlof is 'n uitsondering op bogemelde. Die werknemer is egter verplig om voor die aanvang van sy dagtaak of binne 'n redelike tydperk, byvoorbeeld een tot twee ure daarna, die werkgewer persoonlik in kennis te stel van sy siektesituasie. Die werknemer moet ook daaglik direk aan die werkgewer of bestuur rapporteer oor sy sieketoestand en hy moet by sy woning teenwoordig wees. Afwesigheid as gevolg van siekte word geweldig misbruik. Sieknotas is nodig vir alle situasies waar die werknemer twee of meer dae afwesig is. Sonder 'n sieknota word die werknemer nie betaal nie. Hy kan ook aangekla word en moontlik sy werk verloor. Misbruik van siekteverlof is tans die een element wat produktiwiteit in ondernemings die meeste beïnvloed.
- Langdurige afwesigheid of "dros" vereis spesifieke optrede deur werkgewers of bestuur. Sou die werknemer vir drie dae of meer afwesig wees, moet daar na hom gesoek word. Hierdie vereiste word deur Suid-Afrika se arbeidshowe bevestig. Die werkgewer moet iemand stuur om die afwesige persoon te gaan besoek en 'n skrywe (drosbrief) moet by sy adres of laaste bekende adres afgegee word. Indien hy reageer en terugkeer werk toe, tree die werkgewer op teenoor sy langdurige afwesigheid en kan sy dienste beëindig word. Maak ook seker dat daar nie werklike verskoonbare omstandighede bestaan nie. Sou daar egter 'n duidelike intensie van die werknemer wees om nie terug te keer nie of hy het heeltemal verdwyn, dan kan geag word dat hy gedros het. Sy dienste word dan as "gedros" beëindig. Optrede moet binne die eerste week of twee plaasvind.
- Werknemers is wetlik geregtig op drie weke per jaar verlof, ses weke per driejaar-siklus siekteverlof, gesinsverantwoordelikeverlof wat drie dae per jaar is – indien nodig – en tot vier maande per kraamgeval kraamverlof. Dit bly egter die verantwoordelikheid van die werknemer om dit vooraf te reël. Slegs indien die werkgewer dit goedkeur en aanvaar, sal dit geldig wees. Skriftelike rekords hiervoor is egter noodsaaklik.

Skrywer: Braam Celliers, Arbeidsadviseur





BRAZseed	19
Monsanto	20
PANNAR	22
Klein Karoo	24
Pioneer	26
Advance Seed	29
Sensako	31
Monsanto	32
Agricol	34

Skat só jou eie oesopbrengs

Navorsing ten opsigte van metodes vir die bepaling van akkurate haelskade word deurentyd deur finansiële instellings gedoen. Opbrengsskattings vir 'n reeks gewasse word ook gereeld verfyn. Hierdie navorsing word nooit as afgehandel beskou nie. Nuwe terreine word voortdurend bestudeer en bestaande prosedures word getoets en aangepas om tred te hou met onder meer nuwe kultivars en veranderde boerderytegnieke.

Een gebied wat intens bestudeer word, is die bepaling van oesopbrengste of oesskattings. Sekere formules is ontwikkel en aangepas, maar 'n deeglike kennis van onder meer die betrokke boerderyvertakking en -streek bly belangrik met die bepaling van 'n oesopbrengs.

Die volgende inligting moet slegs as riglyne gebruik word. Nietemin kan dit handig te pas kom wanneer produsente die potensieële oesopbrengs wil beraam. Daar moet egter in gedagte gehou word dat daar baie veranderlikes is wat die akkuraatheid van 'n oes- of opbrengsskating kan beïnvloed. Hoe nader aan oestyd, hoe akkurate kan bepalings gedoen word, omdat daar minder kans is dat groot veranderlikes kan voorkom. Een van die mees kritieke faktore is die pitmassa. Dit varieer nie net baie van seisoen tot seisoen nie, maar ook binne die seisoen. Selfs nadat die oes ryf geword het, kan faktore soos kopvrot en ander patogene die pitmassa beïnvloed.

Die riglyne is soos volg:

1. Koring

By koring is 'n goeie gemiddelde saadtelling ongeveer:

Droëland: 3 500 sade/100 g.

Besproeiing: 3 000 sade/100 g.

Vir opbrengsbepalings word twee algemene praktyke, naamlik saai en plant, afsonderlik beskryf.

1.1 Die saai van koring of plant in baie nou rye

- 1.1.1 Eerstens word die aantal are of halms per vierkante meter (m²) bepaal.
- 1.1.2 Die gemiddelde aantal sade per aar word bepaal deur die sade in 'n monster van koringare, wat klein en groot are na verhouding insluit, te tel. Indien die sade nog nie getel kan word nie, moet 'n goeie gemiddelde telling vir die betrokke kultivar gebruik word.
- 1.1.3 Die volgende formule kan aangewend word vir die berekening van die opbrengs waar koring gesaai is:

Droëland:	$\frac{\text{Are of halms per m}^2 \times \text{sade per aar}}{3\,500}$	= ton/ha
Besproeiing:	$\frac{\text{Are of halms per m}^2 \times \text{sade per aar}}{3\,000}$	= ton/ha

1.2 Koring wat in onderskeibare rye geplant is

- 1.2.1 Bepaal die rywydte soos volg: Die afstand oor tien rypasies word gemeet, met ander woorde vanaf ry een tot ry elf, en die afstand só verkry, word deur tien gedeel om die rywydte te bepaal.

VOORBEELD

Afstand oor 10 rypasies = 3,5 m

Rywydte is $\frac{3,5 \text{ m}}{10}$ = 0,35 m



BRAZseed

DIE LEIERS IN BRASILIAANSE WEIDING IN AFRIKA

WEIDING IS WINS!

- Benut bestaande grond maksimaal – spaar miljoene op grondaankope
- BRAZseed variëteite is weibaar 80 – 90 dae vanaf aanplanting en het **GEEN BLOUSUUR**
- Droë materiaal opbrengs vanaf 15 – 35 ton per hektaar per jaar met 10 – 18% ru-proteïen
- Besproeiing sowel as droëland variëteite – geskik vir byna alle grondtoestande in Afrika
- **GEBRUIKE:** direkte beweiding, staande hooi, kuilvoer, baal, en deklaag vir vogbewaring
- **GESKIK VIR:** vleisbeeste, melkbeeste, skape, bokke, perde en wild

VERKOOPSAGENTE

Gielie Nieuwoudt	+27 (0)84 800 0193	gielie@brazseed.co.za
Francois de Villiers	+27 (0)83 413 6626	francois@brazseed.co.za
Ilse Becker	+27 (0)74 537 4050	verkope@brazseed.co.za
Wernher Otten	+27 (0)82 572 7023	wernher@brazseed.co.za
Tabu Vermaas	+27 (0)85 566 1534	tabu@brazseed.co.za
Heyns Nieuwoudt	+27 (0)84 840 1659	heyns@brazseed.co.za
Liesel Otten	+27 (0)82 575 9877	liesel@brazseed.co.za

NAMIBIË

Goldstraat 6, Prosperita, Windhoek		
Willie Thom	+264 (0)81 149 1003	wthom@brazseed.com.na
Brian Hobbs	+264 (0)81 281 4211	bhobbs@brazseed.com.na

OOS-AFRIKA

Bernhard Jurkewitz	+27 (0)82 468 1080	bernhard@brazseed.co.za
Jacques Pienaar	+27 (0)83 585 4893	jacques@brazseed.co.za

SWAZILAND

Police College Road, Matsapha		
Graeme Rust	+268 (0)76 472 786	graeme@brazseed.co.za

TROTSE
ALLEENVERSKAFFER
IN AFRIKA VAN



HOOFKANTOOR

Siouxstraat 14, Voorbaai, Mosselbaai
T: +27 (0)44 606 6800 F: +27 (0)44 606 6803

DISTRIBUSIE KANTOOR

Reitzstraat 7, Viljoenskroon
T: +27 (0)74 537 4050 F: +27 (0)86 725 1570

www.brazseed.co.za





PLANT VIR VOLGEHOUE SUKSES

Met **DEKALB**[®]-saad as deel van jou boerdery, sorg jy vandag reeds vir die dag van môre, omdat jy weet, met **DEKALB**[®] plant jy sukses. Ons tegnologie en navorsing gerugsteun deur spanwerk en professionele advies dra by tot jou volgehoue sukses, nie net vandag nie, maar ook in die toekoms.

Monsanto tel: 011 790-8200 | www.monsanto.co.za

Kontak gerus ons kliëntedieners by:

011 790-8200 of customerscare.sa@monsanto.com

DEKALB[®] en Monsanto is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC, Monsanto South Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 149975, Braamfontein, 2016



MONSANTO



Skat só jou eie oesopbrengs

Vervolg van agterkant van die Saad-tussenbladsy

- 1.2.2 Die aantal are of halms word oor 'n afstand van 3 m in die ry getel.
- 1.2.3 Die aantal sade per aar word bepaal deur 'n monster van are te tel, wat klein en groot are na verhouding insluit. Indien die sade nog nie getel kan word nie, moet 'n goeie gemiddelde telling vir die betrokke kultivar gebruik word.
- 1.2.4 Die onderstaande formule kan gebruik word vir die berekening van die opbrengs waar koring in onderskeibare rye geplant is.

Droëland:	$\frac{\text{Are of halms per 3 m} \times \text{sade per aar}}{\text{Rywydte (m)} \times 3 \times 3\,500} = \text{ton per hektaar (opbrengs)}$
Besproeiing:	$\frac{\text{Are of halms per 3 m} \times \text{sade per aar}}{\text{Rywydte (m)} \times 3 \times 3\,000} = \text{ton per hektaar (opbrengs)}$

2. Mielies

- 2.1 'n Riglyn van 0,28 g/pit kan gebruik word vir die gemiddelde pitmassa van mielies waar die sade getel kan word vir die berekening van die oespotensiaal.
- 2.2 Wanneer die sade nie getel kan word nie, kan 120 g - 180 g per kop, afhange van die stand en meerkoppigheid, gebruik word.
- 2.3 Eerstens word die gemiddelde aantal koppe per 10 m bepaal. Wanneer die plante in die vegetatiewe stadiums is, moet faktore soos die stand, meerkoppigheid en die spuitvermoë van die plante in ag geneem word.
- 2.4 Bepaal die gemiddelde massa in gram per kop.
- 2.5 Die onderstaande formule kan nou gebruik word om die opbrengs te bereken.

$\frac{\text{Aantal koppe per 10 m}}{1\,000} \times \frac{\text{Gram per kop}}{\text{Rywydte}} = \text{ton per hektaar (opbrengs)}$

3. Sonneblom

- 3.1 Gebruik die volgende riglyne om die gemiddelde saadmassa per kop te bepaal op 'n jong stadium voordat pitte aan die kop getel kan word:

STAND/PLANTE/HA	GRAM SAAD/KOP
50 000	34
40 000	41
30 000	48
20 000	55
10 000	62

- 3.2 Om die pitte per kop te tel, word die volgende metode gebruik:
 - 3.2.1 Meet die deursnee van die kop.
 - 3.2.2 Meet die deursnee van die dowwe kol indien van toepassing.
 - 3.2.3 Tel die aantal pitte per 10 cm² en die getal só verkry deur 10 gedeel om die aantal pitte per cm² te kry.
 - 3.2.4 Bereken die produktiewe oppervlakte soos volg:
 - Deursnee van kop = 15 cm
 - Deursnee van dowwe kol = 5 cm

Totale oppervlakte	= 15 x 15 x 0,79	= 177,75 cm ²
Onproduktiewe oppervlakte	= 5 x 5 x 0,79	= 19,75 cm ²
Produktiewe oppervlakte	= 177,75 cm ² - 19,75 cm ²	= 158,00 cm ²

Vervolg op bl. 25



PANNAR in jou omgewing in your vicinity

HOOFKANTOOR/HEAD OFFICE

Posbus/PO Box 19, Greytown, 3250, Tel: (033) 413 9500, Faks/Fax: (033) 413 1769

Nasionale Verkoopbestuurder/National Sales Manager

Flip Botha 082 650 4525

Markontwikkelingsbestuurder/Developing Farmers Manager

Harry Matebese 079 705 0415

Internasionale Navrae/International Enquiries

international@pannar.co.za +27 (0)33 413 9500

NOORDWES/NORTH WEST

Streeksverkoopbestuurder/Area Sales Manager

Jannie Blignaut 083 659 5400

Landboukundige/Agronomist

Corné van der Westhuizen 082 570 8240

Verkoopsverteenwoordigers/Sales Representatives

Coligny	Jannie van Aswegen	083 449 4526
Delareyville	Cornel Ferreira	079 878 6486
Koster	El le Grange	082 856 5430
Lichtenburg	Ben Dunhin	082 785 7503
Mafikeng	Hendrik Mokoto	082 767 7333
Sannieshof	Pokkenos Otto	071 552 5511
Schweizer-Reneke	Dawie Prinsloo	082 925 4954
Vryburg	Bertie Heyns	083 780 6197
Wolmaransstad	Gert Pretorius	082 924 5484

WES-VRYSTAAT/WESTERN FREE STATE • NOORD-KAAP/NORTHERN CAPE

Streeksverkoopbestuurder/Area Sales Manager

Tiaan Fourie 083 229 3014

Landboukundige/Agronomist

AK Geldenhuys	Wes-Vrystaat	082 496 6058
Andries Zandberg	Noord-Kaap	082 809 4372

Verkoopsverteenwoordigers/Sales Representatives

Bloemfontein	Charl van der Merwe	082 785 1216
Bothaville	Robbie Prehn (Robvil)	082 550 7193
Bothaville	Stefan Prehn (Robvil)	082 417 7193
Douglas	Henri Grové	082 824 8690
Goudveld	Eugène Marais	084 451 9050
Grobiershoop	Johannes Fourie	083 260 4182
Hartswater	Klaas van Wyk	072 665 6488
Hoopstad	Hannelie Fouché	083 967 7858
Jacobsdal	Fanie Schoeman	083 650 7299
Kimberley	Dawie Human	082 782 1287
Kroonstad	Niel Snyders	082 773 8723
Senekal	Rossouw Grobbelaar	083 501 4010
Viljoenskroon	Ben Zengerink (Robvil)	082 927 9399
Wesselsbron	Martin Maartens	082 377 3618

Globale Tegnologie



Plaaslike Prestasie



KWAZULU-NATAL • KAAP/CAPE

Streeksverkoopsbestuurder/Area Sales Manager

Petrus van Rooyen

082 822 6438

Landboukundige/Agronomist

Grant Pringle
Reggie Mchunu

071 678 1511
082 098 5242

Verkoopsverteenwoordigers/Sales Representatives

Griekwaland-Oos/East	Angus Stanford
Noord-Oos Kaap/North Eastern Cape	Ian Blakeway
Oos-Londen/East London	Duwal Edwards
Pietermaritzburg	Andrew du Plessis
Port Elizabeth	Darryl Lloyd
Swellendam	Jannie de Bruyn
Vryheid	Frik Moolman
Winterton	Gavin Robinson
Zululand	Welcome Zulu

082 332 4870
083 414 2446
083 228 5951
079 529 8987
082 466 7163
082 457 2245
082 973 6671
083 627 5769
082 973 6604

OOSTELIKE HOËVELD/EASTERN HIGHVELD • LIMPOPO

Streeksverkoopsbestuurder/Area Sales Manager

André du Randt

082 454 5543

Landboukundige/Agronomist

Hanlie Geldenhuys

082 322 5134

Verkoopsverteenwoordigers/Sales Representatives

Bela-Bela	Nico Bouwer
Bethal	Willem du Plessis
Delmas	Vakant
Ermelo	Vakant
Lydenburg	Dawie Jacobs
Middelburg	Fanie Roux
Middelburg	Jacobus Durr
Mpumalanga/Limpopo	Karabo Puswe
Pretoria	Vakant

083 283 4251
071 676 2296
076 510 6150
082 456 8120
083 455 7969
082 928 7378
083 388 2617
082 715 4878
082 448 5704

